UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

Universiteit Stellenbosch, Departement Afrikaans en Nederlands

288 AFRIKAANS AS TWEEDE TAAL

Slegs studente wat Afrikaanse Taalverwerwing 188 geslaag het, word tot die module toegelaat. Geen moedertaalsprekers van Afrikaans mag die module neem nie. Die module fokus daarop om studente toe te rus om:

- die hoofkenmerke van 'n verskeidenheid Afrikaanse tekste en hoe betekenis daardeur geskep word, te verstaan en te gebruik.
- kommunikatiewe taalvaardighede verder te ontwikkel en te gebruik.
- strategiese luister- en leesvaardighede toe te pas en te gebruik.
- praatvaardighede verder te ontwikkel en te gebruik.
- literêre vaardighede te ontwikkel en te gebruik.

Metode van assessering

'n Stelsel van buigsame assessering word in Afrikaanse Taalverwerwing 288 gebruik. Studente word aan die begin van die jaar skriftelik ingelig oor die manier waarop die prestasiepunt bereken word en ontvang in die loop van die module gereelde terugvoering oor hul vordering. 'n Mondelinge eksamen word aan die einde van elke semester afgelê.

Navrae
Modulekoördineerder: Dr E Adendorff
Tel: 021 808 2168 E-pos: elbie@sun.ac.za